# LAINGSBURG MUNISIPALITEIT

# BELEID OOR DIE BESKIKBAARSTELLING AAN EN GEBRUIK VAN REKENAARTOERUSTING DEUR RAADSLEDE

**DATUM GOEDGEKEUR: 28 March 2024**

**IMPLEMENTERINGSDATUM: 1 July 2024**

# INHOUDSOPGAWE


1. INLEIDING Bladsy 3
2. TOERUSTING Bladsy 3
3. GEBRUIK EN VERBRUIKERSITEMS Bladsy 4
4. INSTANDHOUDING Bladsy 5
5. BEHEER Bladsy 5
6. VEILGE BEWARING Bladsy 5
7. HERSIENING VAN BELEID Bladsy 5
8. GOEDKEURING Bladsy 6


KONSEP BELEID

## 1. INLEIDING

Kennisgewing nommer 1032 is in die Staatskoerant (35962) van 7 Desember 2012 gepubliseer ingevolge die Wet op Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs, 20 van 1998 en maak nou voorsiening dat munisipaliteite, bykomend tot hul totale vergoedingspakkette, 'n reeks bedryfstoerusting en/of –dienste aan Raadslede beskikbaar mag stel ten einde hulle by te staan met die uitvoer van hul pligte.

Die doel van hierdie beleid is dus om riglyne daar te stel vir die beskikbaarstelling van rekenaartoerusting, mobiele internet tegnologie en verwante items aan Raadslede asook vir laasgenoemde se gebruik daarvan. 'n Verdere doel is dan ook om die aansienlike belegging wat Laingsburg Munisipaliteit in rekenaartoerusting en sagteware maak te beskerm, die korrekte en veilige gebruik daarvan te verseker en om enige moontlike toekomstige regsaksie teen die Raad te voorkom.

As deel van die Laingburg Munisipaliteit se Inligtingstelsels en Kommunikasie strategie word alle Raadslede aangemoedig om rekenaargeletterd te wees en om Inligtings en Kommunikasie Tegnologie (IKT) aan te wend om hul mandaat te vervul, met hul kiesers en die algemene publiek te kommunikeer en sodoende by te dra tot die sukses van Laingsburg, beide as dorp en as munisipaliteit.

Dit is verpligtend vir alle Raadslede om aan hierdie program deel te neem en die nodige opleiding sal aan hulle verskaf word.

Alle IKT toerusting en sagteware word deur die munisipaliteit aan Raadslede verskaf ten einde die funksies geassosieer met hul openbare ampte te verrig en as sulks behou die munisipaliteit hom die reg voor om alle toerusting en sagteware in sy beste belang te administreer.

Alle besluite rakende die uitvoering van hierdie beleid word aan die Munisipale Bestuurder gedelegeer.

## 2. TOERUSTING

Alle Raadslede sal voorsien word van 'n skootrekenaar met die nodige sagteware, ten einde hulle in staat te stel om raadsverwante funksies uit te voer.

Die Munisipale Bestuurder sal in samewerking met kenners op die gebied van IKT, die spesifikasies en standaarde van rekenaartoerusting en/of –dienste voorskryf en alle Raadslede sal van dieselfde, eenvormige items voorsien word. Sodanige toerusting sal op 'n vyfjaarsiklus opgradeer word. Alle toerusting wat aan 'n Raadslid toegeken en uitgereik is moet aan die Munisipaliteit terugbesorg word alvorens nuwe, opgegradeerde toerusting aan die einde van sodanige vyfjaarsiklus aan die betrokke Raadslid uitgereik sal word.

Verkryging van die rekenaartoerusting (harde- en sagteware) is die verantwoordelikheid van die Munisipale Bestuurder, wie hierdie taak in samewerking met die Voorsieningskanaalbestuur eenheid sal verrig.

Installasie van sagteware ens sal deur die Administrasie behartig word indien dit nie deur die verskaffer self gedoen word nie.

KONSEP BELEID

Laingsburg Munisipaliteit sal verantwoordelik wees vir die versekering van alle rekenaartoerusting en sagteware wat deur Raadslede gebruik word in die uitvoering van hul pligte.

Raadslede sal verantwoordlik wees vir die versekering van hul eie mobiele fone en sal verantwoordlik wees vir die gebruik en betaling van die mobiele data wat daarmee gepart gaan. Laingsburg Munisipaliteit sal geen verantwoordlikheid vat vir die weg raak van mobiele toerusting of die misbruik van mobiele data nie.

## 3. GEBRUIK EN VERBRUIKERSITEMS

Raadslede sal verantwoordelik wees om daagliks op die internet aan te teken sodat die antivirus sagteware opdateer kan word. Verder sal dit ook die Raadslid of gebruiker van die rekenaar se verantwoordelikheid wees om gereelde rugsteunkopieë van die rekenaar se data te maak. Sodanige rugsteunleêrs moet weg van die rekenaar af gestoor word. Die munisipaliteit neem geen verantwoordelikheid van enige data wat verloor mag word nie.

Gebruik van die internet en e-posfasiliteite word aangemoedig ten einde Raadslede te help om hul amptelike pligte uit te voer en verbeterde dienslewering te help verseker. Die aflaai van videos, films, fotos, musiek ens is egter verbode en sal nie toegelaat word nie. Besoeke aan webwerwe met pornografiese of dergelike inhoud is ook nie toelaatbaar nie en word deur hierdie beleid verbied. In die algemeen word ligsinnige gebruik van die internet ontmoedig en daar word van Raadslede verwag om die internet of verantwoordelike wyse te gebruik en nie hul voorreg te misbruik nie. Raadslede mag ook onder geen omstandighede aan enige ander persoon toestemming gee om gebruik van die internet te misbruik nie. Indien daar gevind word dat voordele wel deur ‘n Raadslid misbruik word, sal daar volgens die Raad se Dissiplinêre Kode opgetree word.

Internet data en inligting aangaande die munisipaliteit bly die eiendom van die Laingsburg Munisipaliteit en mag nie deur Raadslede aangewend word vir eie of politieke gewin nie, mag nie sonder die Munisipale Bestuurder se toestemming versprei word nie en mag nie verkoop word nie.

Die Munisipale Bestuurder of sy gedelegeerde het toegangsreg tot enige rekenaar en data wat aan die Raad behoort in die loop van ‘n oudit of enige dergelike ondersoek.

Alle rekenaars wat deur Raadslede gebruik word sal wagwoorde verg en dit sal in Raadslede se beste belang wees om sodanige wagwoorde gereeld te verander. Wagwoorde moet geheim gehou word en wanneer daar vermoed word dat ‘n ander persoon die wagwoord agtergekom het, moet dit onmiddelik verander word.

In ooreenstemming met Paragraaf 11 van Kennisgewing 1032 hierbo genoem sal elke Raadslid addisioneel tot sy totale vergoedingspakket soos omskryf, ‘n toelaag van R300 per maand as deel van sy salaris ontvang vir die aankoop van ‘n data pakket. Dit is die verantwoordelikheid van die individuele Raadslid om ‘n kontrak volgens sy behoefte met die diensverskaffer van sy keuse aan te gaan vir die aankoop van ‘n data pakket en ‘n mobiele data kaart (3G). Elke Raadslid is dan ook persoonlik verantwoordelik vir die gereelde betaling van sodanige kontrak.

KONSEP BELEID

## 4. INSTANDHOUDING

Alle gebreke of foute moet skriftelik en sonder versuim deur Raadslede aan die Munisipale Bestuurder gerapporteer word wie die nodige reëlings sal tref vir herstelwerk of regstelling van die fout.

Ingeval dit ontdek word dat ‘n rekenaar wel besmet is met ‘n virus, moet die probleem ONMIDDELIK aan die Munisipale Bestuurder of sy gedelegeerde gerapporteer word, wie die nodige stappe sal neem om die rekenaar te herstel. Die besmette rekenaar mag dan glad nie verder gebruik word alvorens die virus nie verwyder is nie.

## 5. BEHEER

Alle rekenaartoerusting en/of sagteware wat deur Laingsburg munisipaliteit aan Raadslede voorsien word bly die eiendom van die Raad en word dan ook as bates in die Bate Register opgeneem. Indien ‘n Raadslid tot sterwe sou kom of se dienste vir welke rede ookal beëindig word, moet all uitgereikte toerusting en sagteware onverwyld teruggehandig word teen die laaste dag van diens.

Die Munisipale Bestuurder sal ‘n register byhou waarin alle toepaslike serienommers en omvattende beskrywings van alle toerusting en/of sagteware opgeteken sal word en Raadslede sal skriftelik ontvangs erken van alle sodanige toerusting en/of sagteware wat aan hulle uitgereik word.

Slegs wettige, gelisensieërde sagteware mag op die Raad se rekenaars installeer en gebruik word. Geen onwettige of roofpakette mag op die Raad se rekenaars installeer word nie. Afgesien van kopiereg oortredings, kan die gebruik van onwettige sagteware ook die Raad blootstel aan die verspreiding van rekenaarvirusse wat hardeskywe kan korrup en bedryfstelsels kan beskadig.

Geen sagteware ander dan dié wat spesifiek deur die Raad aangekoop is, mag op die Raad se rekenaars installeer of gebruik word nie.

Indien enige nuut aangekoopte, gelisensieërde sagteware op enige rekenaar van die Raad installeer moet word, mag dit slegs gedoen word deur die persoon(e) wat deur die Munisipale Bestuurder daarvoor aangewys word.

## 6. VEILIGE BEWARING

Raadslede is ten all tye verantwoordelik vir die veilige bewaring van alle toerusting wat ingevolge hierdie beleid uitgereik is. Alle toerusting wat nalatig misplaas of verloor word sal deur raadslede self vervang moet word. Wanneer daar gereis word, moet alle toerusting buite sig in die voertuig se kattebak geberg word en mag nie in sig binne in die voertuig gelaat word waar die voertuig geparkeer gelaat word nie.

## 7. HERSIENING VAN BELEID

Hierdie Beleid sal jaarliks hersien word vir toepaslikheid en ook om aan te pas by die jaarlikse bepaling van totale vergoedingspakkette van Raadslede.

KONSEP BELEID

## 8. GOEDKEURING

Die Munisipale Bestuurder / Rekenkundige Beampte by krag van sy handtekening endorseer hiermee hierdie beleid.

Die Burgemeester / Speaker by krag van sy handtekening, namens die Raad van Laingsburg Munisipaliteit en na aanbieding van hierdie beleid voor die Raad, keur hiermee hierdie beleid goed.

**Saamgestel deur:**

| | |
|---|---|
| ............................................ | **03 April 2024** |
| **REALDO PEDRO** | **DATUM** |
| **ICT Administrator** | |

**Aanbeveel deur:**

| | |
|---|---|
| ............................................ | **03 April 2024** |
| **ALIDA GROENEWALD** | **DATUM** |
| **Chief Financial Officer** | |

**Onderskryf deur::**

| | |
|---|---|
| ............................................ | **03 April 2024** |
| **JAFTA BOOYSEN** | **DATUM** |
| **Municipal Manager** | |

**Goedgekeur deur namens die Raad van Laingsburg Munisipaliteit.**

| | |
|---|---|
| ............................................ | **03 April 2024** |
| **Mayor/Speaker** | **DATUM** |

KONSEP BELEID